



Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

BESLISSINGS EN KWORUMS

FEITEBLAD 12

HERSIENING 1, 4 JULIE 2016

Alle vrae voor die Huis word beslis deur 'n meerderheid van die stemme wat uitgebring word. Die Voorsittende Beampte het 'n beslissende stem wanneer daar 'n gelyke aantal stemme aan elke kant van 'n vraag is.

'n Kworum minstens een derde van Lede is nodig vir die Huis om te vergader en, onderworpe aan sekere bepalinge van die Grondwet van die Wes-Kaap, is 'n meerderheid van die Lede nodig voordat 'n besluit rakende 'n wetsontwerp geneem kan word.

Die Grondwet van die Wes-Kaap vereis die volgende spesiale meerderheidstemme:

- a. 'n ondersteunende stem van 'n meerderheid van die Lede is nodig om 'n besluit te neem om die Provinsiale Parlement te ontbind, om 'n besluit te neem om die Speaker of 'n ander Voorsittende Beampte uit sy/haar amp te verwyder, om 'n mosie van wantroue in die provinsiale Kabinet, uitsluitende die Premier, te neem, en om 'n mosie van wantroue in die Premier te neem;
- b. 'n ondersteunende stem van ten minste 60% van die Lede is nodig om 'n besluit te neem om 'n benoemde vir aanstelling as Omgewingskommissaris goed te keur; en
- c. 'n ondersteunende stem van ten minste twee-derdes van die Lede is nodig om 'n wetsontwerp te neem wat vir provinsiale simbole voorsiening maak, om 'n besluit te neem om die nasionale Parlement te versoek om die provinsie se naam te verander, om 'n wetsontwerp aan te neem om die Grondwet van die Wes-Kaap te vervang, te wysig of te herroep, om 'n besluit aan te neem om die Premier uit van sy/haar amp te verwyder, en om 'n besluit te neem om die Omgewingskommissaris uit van sy/haar amp te verwyder.

Ingevolge artikel 196(8)(b)(ii) en (11)(c) van die nasionale Grondwet is 'n meerderheidstem van Lede nodig om 'n voorstel goed te keur vir aanstelling van 'n genomineerde persoon as Staatsdienskommissaris vir die provinsie goed te keur en om 'n besluit te neem wat die Staatsdienskommissaris vir die Provinsie van sy/haar amp onthef.